

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
23 Julie 1978

Onderwerp: Is jou gesindheid reg?
Vorbereidingsdiens

Lees: Eségiël 33 verse 1 tot 20

Teks: Eségiël 33 verse 10 en 11

Sing: Psalm 33
Gesang 128 verse 4 en 7

“In weerwil teen Eségiël se profesië het die ballinge en die oorgeblewenes in Jerusalem bly hoop dat die stad nie sou val nie. Hulle was seker dat die HERE wel daarvoor sou sorg en daar was geen rede vir neerslagtigheid oor die toekoms nie.

“En tog is Jerusalem ingeneem. Toe die boodskapper dit aan die ballinge meegedeel het, het hulle in ’n sielstemming van troosteloosheid en pessimisme verval. Hulle lugtige optimisme het soos ’n kaartehuis inmekaar gestort. Die bedreigende woorde van Moses het meteens helder in hulle gees opgekom: ‘En die wat onder julle oorgebly het, sal oor hulle ongeregtigheid wegteer in die lande van julle vyande ...’ (Lev 26:39)

“Onder hierdie swartgallige droefheid het die ballinge uitgeroep: ‘Gewis, ons oortredinge en ons sondes is op ons, en daardeur teer ons weg - hoe kan ons dan lewe?’ (Eség 33:10) Hulle het vertwyfeld vir mekaar gesê: ‘... ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!’ (Eség 37:11)

“Dit moes vir Eségiël ’n wrange verwesenliking van sy profesië gewees het. Mense wat jare aaneen sonder enige blyke van skuldbesef in hulle sondes volhard het, het hulle sondes en oortredinge erken.

“Maar Broers en Susters, die wanhoopskreet: ‘... hoe kan ons dan lewe?’ is ’n pessimisme wat net so ongegrond en sondig was soos hulle vroeëre lughartige optimisme.

“Gemeente, daarom wil ons vanmôre u aandag op hierdie twee sake vestig: eerstens by die sonde van hulle lughartige optimisme wat nie hul eie sondes in ag geneem het nie; en tweedens by die sonde van hulle pessimisme in die wanopvatting van hulle sondeskuld.

“Broers en Susters, hoe het hierdie mense nie die profetiese woorde uit die mond van Eségiël verwerp nie. Hulle het talle gode van die heidene in hulle harte vereer, armes verdruk, moord gepleeg en onsedelikheid bedryf. En tog het hulle teen die uitdruklike profesië met lughartigheid volgehou: ons het niks kwaads gedoen nie; en buitendien Jerusalem kan nooit verlore gaan nie. Skuld, oortredinge, straf en oordele was nie woorde wat in hulle godsdienstige lewe bekend was nie. Hulle lughartige optimisme het die verskriklike erns van die sonde misken. Hulle het geredeneer: wat is nou so verkeerd om die songod te vereer? Al die volke doen dit. Ons offer tog vir Jahweh. God kan nie kla nie. Hy kry gereeld sy offers. Ons moet net nie die kultiese offer na die Tempel bring nie.

“Volgens hulle was dit nie sonde om jou eie voordeel te soek nie, al moes jy ook ellendiges verdruk en die arme se kleed in pand neem ondanks die koue van die nag; bloed vergiet om jouself te beskerm; en ’n ander se huwelik bedreig vir jou eie plesier en genietinge. Volgens hulle was dit niks. Almal het dit gedoen. Jy moes net sorg dat jy nie jou offers aan God verwaarloos het nie.

“Gemeente, so was daar ’n lewenshouding van valse optimisme, ’n ydele spel met die deug van God se geregtigheid. Dat God se geregtigheid tot sy wese behoort en dat God as sodanig sy Goddelike wese sal handhaaf, het die ballinge in hulle lughartigheid nie gedink nie. Hulle het die God van die profesië nie meer geken nie en het hulle deur die afgod van hul eie beskouing laat lei.

“Maar o nee, God se geregtigheid vloei uit sy ewige wese en Hy openbaar dit teen ons in sy regterlike geregtigheid. Hy het sy wette vir ons gegee en Hy sê vir diegene wat sy wet oortree: ‘...jy sal sekerlik sterwe.’ (Eség 33:8) Wie met God se geregtigheid speel, maak hom skuldig aan die bloed van die Messias. Om in die sonde te volhard is niks minder as ’n miskening van die soenoffer van Jesus Christus aan die kruis van Golgota nie.

“Die sonde van die lughartige opportunis is vandag nog teenwoordig. Hulle wat sonder sorg die lewe ligsinnig deurleef. Boetpsalms sing hulle nooit nie. Hulle glimlag oor die vraag: hoe groot is my sonde en ellende? Die duistere afgrond van hul eie hart het hulle nog nooit gepeil nie. Berou oor die skending van God se majesteit ken hulle nie. Maar hulle is darem goed gereformeer. Hulle kom gereeld Nagmaal toe. Hulle

gee gereeld hul bydraes. Volgens hulle is alles in orde. Dat ons almal sondaars is, stem hulle teoreties in, maar volgens hulle oppervlakkige oordeel is alles reg solank jy kerk toe kom.

“Vir goddelose daade en gedagtes het hulle mooi name. Gierigheid is gepaste suinigheid. Hoogmoed beteken selfrespek. Onderdrukking van ellendiges is hulle reg. Afpersing is maar net wat hulle toekom. En hulle verontskuldiging is: Ag wat, ’n mens bly maar ’n mens. Volmaak kry jy hom nie!

“En so verwag die lughartige optimis net die beste, nie omdat God in Jesus Christus só genadig is nie, maar omdat hy self so goed is. Só verwerp hy Jesus as die gekruisigde, maar kom sit darem aan by die Nagmaalstafel.

“O gemeente, wat sal ons van so ’n ongegronde opportuniste sê? Die HERE sê: ‘Ek sal julle oordeel, elkeen volgens sy weë, o huis van Israel!’ (Eség 33:20) Die onbekeerde opportunist sal in die buitenste duisternis gestort word - in die ewige pessimisme.

“Is dit dan nie beter om dan maar ’n pessimis te wees nie? Is dit dan nie beter om jou sondes liewers te swaar, as te lig op te neem nie? Het dit nie méer meriete om wanhopig te snik voor God en die mense, as om lughartig oor alles heen te loop nie?

“Maar Broers en Susters, dié droefheid, ook die sonde-droefheid, kan in ’n dwaalweg ontaard. In só ’n toestand het die ballinge verval. Toe Jerusalem geval het en hulle, hul sonde erken het, was dit al wat hulle gesien het. Hulle het in ’n duisternis neergesink waarin die barmhartigheid en die trou van die Verbondsgod nie meer vir hulle bestaan het nie: ‘Gewis, ons oortredinge en ons sondes is op ons, en daardeur teer ons weg - hoe kan ons dan lewe?’

“Broers en Susters, hierdie swartgallige pessimisme doen ’n ernstig tekort aan die deug van God se barmhartigheid en trou. So iemand handel asof die ewige Verbondsgod onmagtig is om te verlos; asof God nie uit sy vrye welbehag die mens deur Jesus Christus met Homself versoen nie. Nee, so ’n troostelose pessimis is besig om God met sy sonde plat te trap. Só iemand ken nie meer die boodskap van God se genade waardeur Hy ons verseker van vergifnis van sonde nie.

“As die ballinge in hulle troosteloosheid kerm: ‘... hoe kan ons dan lewe?’ dan roep God hulle by monde van Eségiël toe: ‘Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?’ (Eség 33:11) God het geen behag in die

dood van die sondaar nie. God het alleen behae daarin dat die sondaar hom sal bekeer en lewe.

“Die sondaar wat dus in die besef van sy sonde en ellende sy rug op Jesus Christus draai, wil nie leef nie!

“Broers en Susters, die sakramente is nie ingestel vir sulke pessimiste nie, maar vir gelowiges in hulle stryd teen die sonde. Hoe kan ’n mens dan Nagmaal toe kom met ’n wanhoopsvertwyfeling. Die sakrament verseker ons tog dat ons sonde in Jesus Christus vergewe is en wil ons geloof versterk.

“Vir sulke pessimiste wat God se barmhartigheid en vergewensgesindheid só gruwelik tekort doen, is daar geen plek by die Doopfont of die Nagmaalstafel nie.

“Broers en Susters, die Heilige Gees eis van elkeen wat aan die tafel van die Here wil sit, selfondersoek, boetedoening, berou en droefheid oor ons sondes. Tog is dit nie ’n droefheid tot die dood toe nie, maar ’n droefheid tot God toe. Die ware bekering bly nie vassteek by negatiewe hartlike leedwese oor die sonde nie, maar dit breek deur tot ’n positiewe lus om voortaan volgens God se gebooie te leef. Sondebeseft wat ontaard in wanhoopsvertwyfeling is sonde van ongelooft. Hierdie sondaar versper sy eie toegang tot verlossing en die Nagmaalstafel.

“By die kruis van Golgota met sy afskuwelike straf en vloek is daar geen plek vir lughartige optimiste wat met sonde speel en tog hoop op geregtigheid nie.

“Netso is daar by die kruis van Golgota met sy stroom van versoeningsbloed ewe min plek vir die vertwyfelde pessimis wat op geen versoening meer hoop nie. Golgota roep uit: ‘So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe.’ (Eség 33:11)

“Só afwysend as wat God teen die sonde staan, só oneindig is andersyds sy genade teenoor hulle wat berou het en na Hom toe kom. Daarom stel Eségiël hier twee persone teenoor mekaar: ’n regverdige en ’n goddelose.

“By Golgota en die kruis ontmoet God se geregtigheid, barmhartigheid en trou mekaar. Daar alleen kan sondaars staan wat nie lughartig met God se geregtigheid omgaan nie en nie God se barmhartigheid misken nie. Daar regverdig God boetvaardige sondaars.

“Dan verlang ons na die Nagmaal om in die geloof aan vergifnis van sonde en aan geregtigheid met die

gekruisigde Jesus Christus versterk te word. En dan sing ons bly:

“Regverdige, laat hoor die blye tyding
“Sing voor die Heer ’n lofsang van bevryding
“’n Sang wat juig oor skuldvergifenis
“Sing, wie opreg van hart en wandel is.’
“Amen.”